


GLO EN DIEN

# ZWARRIE W's

1 VAN 2021




GLO EN DIEN
HOËRSKOOL ZWARTKOP
HOU OPEDAG!
DIE BESTE LÊ NOG VOOR!
20
APRIL
DINSDAG & WOENSDAG
21
APRIL


# VAN DIE HOOF SE *Lessenaar*

En so spoed die jaar 2021 voort. Ons almal het gehoop dat ons die Corona-virus teen die einde van 2020 sou plattrek, maar so kom versteur die Corona-virus weer eens ons ritme.

Die universele gemene deler van emosies rakende die Corona-virus is dat dit min of meer ŉ semi-depressiewe neerslag in die grootste deel van die mensdom meebring en dat die meeste mense se toekomsvisie maar donker is. Hier by Hoërskool Zwartkop verkondig ons egter dat die beste vir ons voorlê – ons jaartema vir 2021.

Om gestalte te gee aan ons jaartema, het ons hierdie jaar, ander as in die verlede ŉ virtuele paviljoendiens gehou.Druk gerus op die onderstaande skakel om ook hierdie geleentheid en die bekendmaking van ons jaartema mee te maak:

https://youtu.be/YluaM8tuQww





ZWARRIES SE

# Jerusalema video

STEEK DIE 1000 000 KYKERSKERF VERBY!



# Jerusalema

Die Zwarries het sommer so met die uitleef van hul Zwarrie-vibe die Jerusalema-video geskied. Hierdie video het vinnig in alle windrigtings versprei en is met meelewing Nasionaal en Internasionaal gekyk.

Die onderstaande skrywe van ’n predikant in Engeland bring lof aan die Zwarries wat se Jerusalema-video die 1000 000 kerf verbygeteek het:

*Sir*

*It has been most fulfilling to see that the Zwarries Jerusalema video has reached the one million views threshold. Kindly accept my heartiest congratulations in the Lord to your pupils, staff and indeed yourself.*

*The wonderfully choreographed presentation continues to be appreciated here in London. It is a fine " Made in South Africa" demonstration at a time when the homeland needs it the most.*

*I pray for all the " Zwarries" often. Our hope is that our gracious heavenly Father will continue to raise up ambassadors for Jesus Christ from their ranks. Be assured of my prayers for you and your staff.*

*Yours sincerely in Jesus Christ.*

*Rodrick Baard*

En dan is die Zwarries se Jerusalema-video in Spanje so geniet dat hulle die beeldmateriaal gebruik het en die Spaanse klankweergawe bygesit. Dit is nou reeds meer as 2000 keer gekyk.

Om die Jerusalema-video te kyk, kan daar op die onderstaande skakel gedruk word:

https://drive.google.com/file/d/1vlw9cqkFT-ZCi5oFYHYyErasD8sNJJJb/view?usp=sharing

MICHAEL VAN JAARSVELD 6 A'S MARICHELLE VISAGIE 6 A'S
BRENDA ANNANDALE 4 A'S MARJORÉ APPELMAN 4 A'S
CHANELLE POTGIETER 4 A'S MIEKE STERK 4 A'S

GLO EN DIEN

# HOËRSKOOL ZWARTKOP - TOPPRESTEERDERS

# 2020 MATRIEKS

575 ONDERSKEIDINGS
Alpha Wiskunde ingesluit

CORLI BERNHARDT 6A'S DANIËLLE GORDON 6 A'S ILANA HATTINGH 6 A'S ALMÉ HUGO 6 A'S JS KRUGER 6 A'S ELISE LABUSCHAGNE 6 A'S NATHAN SMIT 6 A'S LEANÉ VAN ZYL 6 A'S

SHELEEN JANSE VAN VUUREN 5 A'S MIECKE LIEBENBERG 5 A'S DANTÉ LUDICK 5 A'S CHERRÉLEE MILES 5 A'S KAI NELL 5 A'S JJ NELSON 5 A'S ROZAAN PIEKAAR 5 A'S LOUISE WENTZEL 5 A'S

ALICIA GOUWS 4 A'S ANNELIZE GROENEWALD 4 A'S MARKO HORN 4 A'S VENIECE JANSE VAN RENSBURG 4 A'S CLARISSA KARSTEN 4 A'S SHELBY LINDIQUE 4 A'S LAURILE NEL 4 A'S




NICOLA WAKEFORD 6 A'S CAITLIN ACKERMANN 5 A'S ILZANNE DE MUNNIK 5 A'S ILZE DICKENSON 5 A'S CHARNÉ ERASMUS 5 A'S EVAN JACOBS 5 A'S

BERNICE ARMSTRONG 4 A'S TAMRYN BOTHA 4 A'S TIAAN DE BEER 4 A'S RYNO DUVENAGE 4 A'S BRUCE ENGELBRECHT 4 A'S NIKA FOURIE 4 A'S

LIESL STRYDOM 4 A'S JASON SCHICKERLING 4 A'S DIANDRA SLABBERT 4 A'S MELISSA VAN BLERK 4 A'S SHANNON VENTER 4 A'S

95.8%
Toelating tot
Graad en Diplomastudies

4de op die akademiese ranglys in Gauteng

306 Matrieks se gemiddeld 70%

DIE BESTE
LÊ NOG VOOR

ZWARRIES KWEEK WENNERS!

# Matrikulante 2020 sorg vir spoguitslae

Om as matriekgroep 2020 in die Covid-19 pandemie-jaar, jouself uit te presteer as matriekgroep wat van die beste matriekuitslae nog in die geskiedenis van die skool behaal het, is lofwaardig.

Hoërskool Zwartkop en die gemeenskap is trots op elke matriekleerder en onderwyser wat gehelp het om die sukseskurwe van Hoërskool Zwartkop net hoër te trek. 'n Ongelooflike 575 onderskeidings word deur 306 matrieks uitgemerk. Dit is amptelik die grootste oes aan onderskeidings ooit deur 'n matriekgroep.

Onderstaande is 'n lys van top presterende leerders wat 7 en meer onderskeidings uitgemerk het in die eindeksamen.

| 7 Onderskeidings | 8 Onderskeidings | 9 Onderskeidings |
|---|---|---|
| Jeanette Louw | Talitha Buys | Pieter Pienaar |
| Jean Weinmann | Anina Loots | Xianate Visagie |
| Kylie van der Merwe | Anouk Rossouw | Henco Bothma |
| Hanke Terblanche | Christie Labuschagne | |
| Danielle Pretorius | Tiné Neü | |
| Simoné Malan | Jana Oosthuizen | |
| Nicola Knoetze | | |
| Thirza Jonkers | | |
| Dinette Jansen v Vuuren | | |
| CJ Grove | | |

Die Top 10 presterende leerders volgens gemiddeld vir alle vakke is:

1. Iné Smit
2. Tiné Neü
3. Daniëlle Pretorius
4. Talitha Buys
5. Henco Bothma
6. Anina Loots
7. Pieter Pienaar
8. Jana Oosthuizen
9. Almé Hugo
10. Jean Weinmann

Die Dux leerder vir 2021 is Iné Smit met 'n gemiddeld van 94.1%

Op provinsiale vlak het die Zwarries ook hulle merk gemaak en pryk Hoërskool Zwartkop in die nommer 4 posisie van presterende skool in Gauteng. Die skool beklee ook die agtste plek Nasionaal vir skole met die meeste onderskeidings.

Die gemiddeld van alle leerders vir die eindeksamen is 70 %

- Daar is 9 leerlinge met 'n gemiddeld bo 90%
- Daar is 54 leerlinge met 'n gemiddeld bo 80%
- Daar is 124 leerlinge met 'n gemiddeld bo 70%



# Griekse Gode
## LÊ BESOEK AF

Die graad 8 drama-leerders se praktiese opdrag vir die eerste kwartaal behels die Griekse Gode en hulle bydrae tot drama in die geheel. Soos gebruiklik is hulle opdrag om vir die onderwysers van hulle keuse ‘n opvoering in die Griekse spelsstyl en kostuums op te voer.

Die leerders geniet hierdie opdrag baie en die bydrae hierdeur tot kennis van die vak is onmeetbaar.

## Matrieks 2021 HOU HIERDIE SPASIE DOP!

‘n Groep wat alreeds ‘n mooi storie op Zwarriebodem geskryf het, is die huidige matriekgroep – matrieks 2021. Druk op die onderstaande skakel en geniet die uitsonderlike voorreg om ‘n historiese blik op dié uitsonderlike groep te hê. Hierdie groep is veelsydig, afgerond en op koers.Hou hul in 2021 dop!

https://youtu.be/_99tJsIUSGU




# WORD DEEL VAN DIE ZWARRIE-FAMILIE

**Dit is Maandagoggend 15 Februarie 2021. Die nuwe Wiekiez het al van vroeg af op die B-veld bymekaargekom, slaggereed om 'n ware Zwarrie te word en om die volgende vyf jaar op Zwarriebodem te kom leer, leef en speel. Hulle maskers is netjies oor hulle gesigte gevou en hulle temperature is 'n graad of twee hoër as gevolg van die broeiende opgewondenheid binne hulle. Tydens die optog voor die matrikulante verby, neem hulle hulle eerste treë tot die geleenthede wat Zwarrieland bied. Hulle oë vertel van hulle glimlagte en 'n mens kan sien dat die Wiekiez 2021 hier is om Hoërskool Zwartkop net nog ryker te maak.**

**Die Wiekiez se oriënteringsweek was 'n vreugdevolle sukses. Hulle het kosbare tyd saam met mekaar en die prefekkorps spandeer waar hulle geleer het wat Zwarrie-Wees alles behels.**

**Op Vrydag 19 Februarie is hulle tydens ons tradisionele ontheffingseremonie tot ware Zwarries ingesweer. Die hele Centurion kon hulle Zwarrie-kreet hoor wat vir die res van die skool hoendervleis gegee het. Die Wiekiez het ook die voorreg gehad om die skoollied vir die eerste keer te sing en hulle deel van die staf is ingedraai. Dr Strydom het sy rede gelewer, die nuwe Zwarries as deel van die familie verwelkom en sy trots met die nuwe groep uitgespreek.**

# JNR STADSRAAD *Zwarrie* VERTEENWOORDIGER AANGEWYS



Die Junior Stadsraad van Pretoria is ‘n nie-winsgewende, A-politiese jeugorganisasie wat saamwerk om die jeug van Pretoria te verenig, terwyl hulle liefdadigheidsorganisasies ondersteun soos CHOC en Gracia Kinderhuis. Daar is meer as 30 skole van regoor Pretoria wat tans op die raad dien.

Elke jaar tussen Februarie en Maart kry graad 10-leerlinge die kans om betrokke te raak by hierdie organisasie. Daar word onderhoude met elke kandidaat wat hulself beskikbaar stel, gevoer en word daar dan uiteindelik een lid verkies wat die uitstalvenster van Hoërskool Zwartkop by die raad is vir ‘n ampstermyn van twee jaar. Dit was nie ‘n maklike taak om slegs een leerder te kies nie, aangesien al die kandidate sterk, passievol en ‘n omgee-hart gehad het – sinoniem met dit waarvoor die Stadsraad hul beywer.



Baie geluk aan die nuut verkose Junior Stadsraadlid: Lourens Nel.

Hier is wat Lourens te së het:
Dit is vir my ‘n baie groot voorreg en eer om te weet dat daar soveel vertroue in my is om hierdie taak te kan behartig.

My missie vir die volgende twee jaar is om die Junior Stadsraad ‘n onmisbare en belangrike deel van Hoërskool Zwartkop te maak. Om die leerders en personeel verder in die gemeenskap te betrek, sodat Hoërskool Zwartkop nog ‘n groter positiewe verskil kan maak.

Ek dink ook dat dit baie belangrik is vir elkeen om hulle vermoë om te dien, om te glo en om te help, te besef. As elke Zwarrie, leerder en onderwyser kan besef hoe belangrik hulle vir hul gemeenskap is en watter positiewe verskil hulle kan maak waar hulle is, kan ek met sekerheid sê dat net die beste vir ons en ons gemeenskap voorlê. Dit is dus my visie dat die Junior Stadsraad met al sy skole, insluitend Hoërskool Zwartkop, ‘n nuwe era van omgee, ‘n nuwe liefde vir mense en ‘n nuut gebore dien gemeenskap in Pretoria sal vorm.

Dit is my doel om elkeen van u en elkeen van die leerders te inspireer om hul dien-harte te vind en daarin te glo.
Met positiewe denke en dade, kan ons ‘n positiewe verskil maak sodat mense kan glo dat net die beste voorlê.
Mag Hoërskool Zwartkop saam met die Junior Stadsraad van Pretoria, floreer om ‘n verskil te maak in ons gemeenskap.

Soli Deo Gloria!

# Zwaries GENERATOR

**In Zwarrieland is die woord beurtkrag nie deel van ons woordeskat nie, want ons het ons eie Ezkom! Ja, ons eie Ezkom het die vermoë om die hele Hoërskool Zwartkop – vloedligte op die A-veld ingesluit – met elektrisiteit te bedien in tye van beurtkrag.**



# Musiekleerders

## presteer in Unisa Teorie eksamens



Agter: Tristin Mans, Marko Hough, Michael Kraounakis en Klemp de Klerk Voor: Mindie van Dyk, Me. Emmerien Joubert en Minette De Souza-Allegria

Ons Muziekdepartement se musiekleerders het aan die einde van 2020 uitstekend gevaar in die Unisa Teorie eksamens. Hulle het onderskeidelik Graad 3, 4 en 5 eksamens afgelê.

**UNISA GRAAD 3:**
Klemp de Klerk, Michael Kraounakis en Tristin Mans slaag met Lof.
Minette De Souza-Allegria (95%), Mindie van Dyk (91%) en Marko Hough (97%) slaag met Lof en verdien met hul prestasies 'n plek op Unisa se Ererol.

**UNISA GRAAD 4:**
Carmen Swart slaag met Meriete.
André Botes, Janko Collyer, Mariëtte Rossouw en Michka Solms slaag almal met Lof.
Adéle Bobbert (92%) en Thirza Jonkers (91%) slaag met Lof en verdien met hul prestasies 'n plek op Unisa se Ererol.

**UNISA GRAAD 5:**
Anastasha Raubenheimer slaag met Meriete.
Annelize Groenewald en Ilana Hattingh slaag met Lof.
Nicola Knoetze (90%) en Rudi van den Heever (92%) slaag met Lof en verdien met hul prestasies 'n plek op Unisa se Ererol.

Baie geluk aan ons leerders met hierdie pragtige uitslae! Julle het vasgebyt en hard gewerk om hierdie besonderse prestasies te kon bereik. Ons is trots op julle.

# JUFFROU COLLYER

## doen dit weer

Juffrou Gentille Collyer het baie jare gelede die Graad 6 Unisa-eksamen suksesvol afgelê, maar het besluit om haarself sommer net weer op te skerp en dit weer gedoen.

Sy slaag die Graad 6-eksamen met lof. Graad 6 bestaan uit 2 vraestelle wat oor 2 dae geskryf word. Sy behaal 'n gemiddeld van 93% en verdien met haar besonderse prestasie 'n plek op Unisa se Ererol.

Baie geluk Juffrou Collyer, jy is vir ons 'n voorbeeld van iemand wat aanhou leer en opgeskerp bly.



# DIE UITHOU-LEKKERKRY
## *van 'n Zwarrie-Redenaar*

Redenaars dink op hul voete met bekke wat jam moet kry! Hierdie jaar doen ons dit weer!
Ons afskop was alreeds 'n reuse sukses met uitstekende bywoning en sprekers wat die beoordelaars kon laat krul van lekkerkry. Die ATKV-interne uitdunne het seepglad verloop met vier uiters bekwame beoordelaars. Dankie aan Me. Antoinette Slabbert, Diandra Slabbert, Franciska Rossouw en Erika Pake vir waardevolle insette.

Hiermee ons finaliste wat die skool by die ATKV gaan verteenwoordig:

**SENIORS (GRAAD 10-12)**

- Carla Hugo
- Stephan Theron
- Micaerny janse van Rensburg
- Landé Engelbrecht
- Meirin Wassermann
- Wilanie Botha
- Reagan Smit
- Natanja de Klerk

**JUNIORS (GRAAD 8-9)**

- Zoë Arnde
- Jaylin Jooste
- Christea janse van Vuuren
- Xander du Preez
- Roché Oberholzer
- Emma Thompson
- Elri Joubert
- Jonathan de Klerk
- Alisha Middelton



**DIE EERSTE WELVERDIENDE DRIE PLEKKE BEHOORT AAN:**

**SENIORS (GRAAD 10-12)**

1. Carla Hugo
2. Stephan Theron
3. Micaerney Janse van Rensburg

**JUNIORS (GRAAD 8-9)**

1. Zoë Arnde
2. Jaylin Jooste
3. Christea Janse van Vuuren

Elke spreker maak redenaars die moeite werd! Dankie ouers en leerders dat julle altyd die ekstra kilometers in rekordtye aflê!

"DIE BESTE LÊ NOG VOOR"



# REKORDS SPAT BY

## INTERHUIS 2021

Zwarrie-atlete maak die beste van elke geleentheid wat hulle kry. Ons 2021 interhuis was oor 2 weke aangebied om sodoende getalle te beperk en Covid 19 protokol te handhaaf. `n Ongelooflike 30 interhuis rekords spat tydens die byeenkomste.

Dit is `n bewys dat Zwarries daarin slaag om ten spyte van omstandighede en uitdagings rondom ons, nog steeds besig is met `n opwaartse kurwe in atletiek en onself vestig as een van die groot kragte in atletiek in Gauteng.

Dankie en geluk aan elke afrigter en atleet en beampte wat so hard werk om dit moontlik te maak. Ons is trots op julle.

## NUWE REKORDS


| NAAM EN VAN | ITEM | NUWE REKORD | VORIGE REKORD | OUDERDOM VAN VORIGE REKORD |
|---|---|---|---|---|
| 1 Elizma le Roux | 1500m 014 D | 4:55:41 | 4:58:30 | 22 jaar |
| 2 Rico Coetzer | 400m 014 S | 54:63 | 56:10 | |
| 3 Rico Coetzer | 800m 014 S | 1:58:80 | 2:15:00 | 31 jaar |
| 4 Rico Coetzer | 1500m 014 S | 4:11:40 | 4:49:20 | |
| 5 Jaco vd Walt | 100H 014 S | 14:80 | 14:81 | |
| 6 Anton vd Giesen | 300H 014 S | 43:78 | 46:00 | 35 jaar |
| 7 Klarissa Engelbrecht | 800m 015 D | 2:17:10 | 2:25:10 | |
| 8 Wiepke Schoeman | 1500m 015 D | 4:54:11 | 4:54:80 | |
| 9 Wiepke Schoeman | 3000m 015 D | 10:45:01 | 10:57:40 | |
| 10 Mischa vd Schyff | Verspring 015 D | 5:29m | 5:27m | |
| 11 Christian Greyling | 3000m 015 S | 10:05:05 | 10:17:80 | |
| 12 Reinard Beyers | 100H 015 S | 13:97 | 14:59 | |
| 13 Reinard Beyers | 300H 015 S | 43:30 | 44:24 | |
| 14 Thinus Oosthuizen | Gewigstoot 015 | 16:71m | 16:20 | |
| 15 Thinus Oosthuizen | Diskus 015 S | 55:47m | 49:01 | 24 Jaar |
| 16 Anika Williams | 400M 016 D | 59:52 | 61:90 | 25 jaar |
| 17 Anika Williams | 100H | 14:84 | 15:80 | |
| 18 Anika Williams | 400H | 64:90 | 72:00 | 34 Jaar |
| 19 Li-Mari Dekker | 800m 016 D | 2:13:30 | 2:23:60 | 34 Jaar |
| 20 Li-Mari Dekker | 1500m 016 D | 4:44:34 | 2:53:00 | |
| 21 Li-Mari Dekker | 3000m 017 D | 10:18:09 | 10:46:60 | |
| 22 Marle Venter | Gewigstoot 16 D | 12:39m | 12:19m | |
| 23 Lizelle Venter | Verspring 017 D | 5:20 | 5:14 | 32 jaar |
| 24 Leoni De Sousa Rossouw | Diskus 017 D | 39:52m | 37:03m | |
| 25 Mckayla vd Westhuizen | Spiesgooi 017 D | 51:74m | 41:77m | 21 jaar |
| 26 Divan Vlok | 200m 017 S | 22:57 | 23:40 | |
| 27 Divan Vlok | 400m 017 S | 49:31 | 51:90 | |
| 28 Divan Vlok | 800m 017 S | 2:01:30 | 2:02:60 | |
| 29 Odel vd Westhuizen | 100H 019 D | 15:40 | 15:90 | |
| 30 Keegan Morehen | 400h 019 S | 56:60 | 56:83 | |

# NWU-byeenkoms 19 en 20 Maart te Potchefstroom

Atlete wat top prestasies gelewer het by dié byeenkoms en vermelding verdien, is die onderstaande:

- Divan Vlok 200m 22,01 en 47,76 0p 400m
- Gian Smal 200m 22,92
- Liam Steenkamp 51,45 op 400m
- Klarissa Engelbrecht 2:16 op 800m
- Rico Coetzer 1:56:96 op 800m en 4:12 op 1500m
- Luandre Bronkhorst 2:05 op 800m
- Li-Mari Dekker 2:11:86 800m en 10:00 op 3000m
- Wouter du Toit 1:58 op 800m
- Wiepke Schoeman 4:52 op 1500m
- Luca de Waal 10:22 op 3000m
- Wiepke Schoeman 10:37 op 3000m
- Christian Greyling 9:45 op 3000m
- Francois Scheepers 9:50 op 3000m
- Teanique Calitz 14:80 op 90 Hekkies en 1,50m Hoogspring
- Reinhardt Beyers 13,84 100m Hekkies en 1,70m Hoogspring
- Odel van der Westhuizen 14,68 100m Hekkies
- Heinrich de Klerk42,64 300m Hekkies
- Anton van de Giesen 42,77 300m Hekkies
- Liam Steenkamp 57,04 400m Hekkies
- Keegan Morehen 54,20 400m Hekkies
- Mischa van der Schyff 5,04m Verspring
- Elze Delport 9,62m driespring
- Thinus Oosthuizen 15,28m Gewigstoot en 50,86m diskus
- Larissa Janse van Vuuren 10,78m gewigstoot en 34,81m Diskus
- David van Breda 40,07m Spiesgooi
- Michaela Conradie 37,23m Spiesgooi
- Kenisha Wiese 39,23m Spiesgooi
- Berno van Aswegen 63,40m Spiesgooi
- Leanka Janse van Vuuren 41,34m Spiesgooi
- Leandi Conradie 40,61m Spiesgooi
- Volker Steyn 63,0 m Spiesgooi








**BAIE GELUK AAN ELKE ATLEET EN AFRIGTER**

# Atletiek

## GAUTENG NOORD KAMPIOENSKAPPE 25 - 27 MAART 2021

Zwarrie atlete lewer top vertonings en ryg die medaljes in. Kan dit moontlik beskou word as een van die mees suksesvolste kampioenskappe van alle tye deur Zwartkop atlete?

Woorde kan nie genoeg beskryf hoe goed ons atlete tydens die kampioenskappe presteer het nie.

Ons is dankbaar teenoor ons Skepper vir die seën en prestasies van elke atleet.

Dankie ook aan elke afrigter se passie en ondersteuning. Julle is die beste!

**MEDALJE WENNERS EN TOP PRESTASIES IS AS VOLG:**

- Deone van Heerden 8ste 100m 12,64 en 7de 200m in 25,94
- Divan Vlok 1ste en 47,07 in 400m nuwe pb
- Liam Steenkamp 8ste en 51,41 in 400m pb
- Klarissa Engelbrecht 2de 2min15 in 800m nuwe pb
- Elizma Le Roux 4de in 800m en 7de in 1500m 4min55
- Rico Coetzer 1ste in 800m 1min56 nuwe pb en 1ste in 1500m 4min10
- Luandre Bronkhorst 3de in 800m 2min03 nuwe pb
- Li-Mari Dekker 1ste 800m 2min12 en 1ste 3000m 10min19
- Charissa Botha 6de in 800m
- Johan Delport 11de in 800m 1min59 eerste keer onder 2min
- Hanlu Bronkhorst 4de in 1500m 4min21 nuwe pb
- Shanike Jordaan 3de in 1500m 4min58 nuwe pb met 12 sekondes eerste keer onder 5min
- Wiepke Schoeman 4de in 3000m 10min38
- Luca de Waal 5de in 3000m
- Francois Scheepers 9de in 3000m
- Christian Greyling 12de in 3000m
- Keagan van der Merwe 9de in 3000m 9min22 nuwe pb
- Teanique Calitz 7de 90m Hekkies 15,23 en 6de in Hoogspring 1,55m
- Reinardt Beyers 2de in 100m Hekkies 13,74
- Lize Theron 5de 90m hekkies 16,09 en 8ste hoogspring 1,50m
- Heinrich de Klerk 5de 300m hekkies 42,56
- Anika Williams 2de 400m Hekkies 1:08
- Liam Steenkamp 5de 400m hekkies 57,99
- Mischa vd Schyff 9de 4,96m versping
- Christine Knoesen 1ste 2000m hindernis
- Andre Pieters 3de 2000m Hindernis
- Odel vd Westhuizen 3de 100m hekkies
- Keegan Morehen 2de 400m Hekkies 54,23
- Helgard du Toit 3de hoogspring 1,90m
- SG Roode 1ste Paalspring 3,50m nuwe pb
- Dirk la Marque 9de gewigstoot en 12de Diskus
- FC Erasmus 10de Gewigstoot en 14de Diskus
- Marle Venter 3de 35,75 Diskus en 8ste Gewigstoot
- Leoni de Sousa 2de Diskus 40,30m en 9de Gewigstoot
- Larissa Jv Vuuren 3de Gewigstoot en 3de Diskus 35,08m
- Waldu Steyn 10de Diskus
- Daniel Erasmus 8ste Diskus
- Michaela Conradie 2de Spiesgooi 40,79m
- Mckyla vd Westhuizen 1ste Spiesgooi 54,58 m
- Kenisha Wiese 4de Spiesgooi 38,30m
- Berno van Aswegen 1ste Spiesgooi 62,76m
- Lianka Jv Vuuren 2de Spiesgooi 44,24m nuwe pb
- Leandi Conradie 6de Spiesgooi 38,81m
- Volker Steyn 3de Spiesgooi 60,57m

# Totaal

**25 MEDALJES BY AGN KAMPIOENSKAPPE. WELGEDAAN**











## GROOT ZWARRIE

# ATLETIEKOES

## NA SA-KAMPIOENSKAPPE

Daar is 23 Atlete van Hoërskool Zwartkop wat Atletiek Gauteng Noord by die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe verteenwoordig.

***Ons is baie trots op elke atleet en afrigter***

- Klarissa Engelbrecht 016 800m
- Wiepke Schoeman 016 3000m
- Luca de Waal 016 3000m
- Rico Coetzer 016 800m
- Luandre Bronkhorst 016 800m
- Hanlu Bronkhorst 016 800m
- Li-Mari Dekker 018 3000m
- Christine Knoesen 016 2000m hindernis
- Reinhardt Beyers 016 100m hekkies
- Heinrich de Klerk 016 300m hekkies
- Anika Williams 016 400m hekkies
- Liam Steenkamp 018 400m hekkies
- Odel van der Westhuizen 020 100m hekkies
- Keegan Morehen 020 400m hekkies
- Divan Vlok 018 400m
- Tanique Calitz 016 Hoogspring
- Michaela Conradie 016 Spiesgooi
- Mckyla van der Westhuizen 018 Spiesgooi
- Berno van Aswegen 018 Spiesgooi
- Lianka Janse van Vuuren 020 Spiesgooi
- Leandi Conradie 020 Spiesgooi
- Volker Steyn 020 Spiesgooi
- Leonie de Sousa Rossouw 018 Diskus



As die afrigters as gevolg van Covid nie die stadion mag binnegaan nie, dan ondersteun ons eie spiesgooi-afrigter, Leon Reeder, maar van sy motor se dak af.



En dit is hoe dit lyk as jou atleet die SA rekord laat spat



# Mckyla

## SA SE BESTE EN OPPAD NA WÊRELDKAMPIOENSKAPPE

## Die Zwarries se harte swel van trots oor Mckyla van der Westhuizen met haar nuwe SA rekord in spiesgooi.o/17 met 'n afstand van 57.57 meter.

Mckayla wen egter ook in die vroue o/20 afdeling met 'n afstand van 53.38 meter met die 600 gram spies en kwalifiseer hiermee vir die wêreldkampioenskappe. Die onderstaande word met trots van haar aangehaal:

Mckyla van der Westhuizen is setting the javelin world in South Africa alight for girls u18! Firstly, she broke the longstanding SA record with a throw of 57.57m with the 500g javelin, but today she traveled to the Fanie du Toit stadium in Potchefstroom and took on the Senior woman with the 600g javelin! She threw a distance of 53.38m to win the competition overall! With this throw she qualified for World juniors u/20! Well done Mckyla, you will make us proud at World Juniors!!



# ZWARRIE RUGBY HARD BESIG MET VOORBEREIDING

Met Covid -19 wat ons almal se lewens letterlik tot ‘n stilstand gebring het, kan ons darem sê dat die Zwarries die eerste 4 weke van “return to play” suksesvol afgehandel het.

En met die nuus dat ons vanaf 27 Maart kan voortgaan met die volgende 4 weke “return to contact,” is al die rugby manne nog harder aan die oefen. Ons hoop vir ‘n spoedige terugkeer na die sport waaroor ons as Suid-Afrikaners so lief is.

Gelukwensing aan SJ Bezuidenhout en Dwayne Zeeland wat deel was van die Blou Bulle se High Performance o/18 oefengroep.

# NETBAL BEREI VOOR OM WENDOELE TE SKIET

“If you run into a wall, don’t turn around and give up. Figure out how to climb it.”
*– Michael Jordan*
“Be humble. Be hungry. And always be the hardest worker in the room.”
*– Dwayne Johnson*



Die bogenoemde aanhalings beskryf ‘n Zwarrie-netbalspeler en -afrigter se uitkyk en motivering vir 2021 uitstekend. In hierdie moeilike en onsekere tye bly die Zwarrie-netbalspelers en -afrigters positief en gemotiveerd.

Die Zwarrie-netbalspelers en afrigters werk baie hard op die oomblik om voor te berei vir die seisoen wat vir hulle voorlê. Die spelers oefen vier keer per week. Daar is een kondisioneringssessie wat in die skool se gimnasium plaasvind en drie baansessies per ouderdomsgroep. Daar word baie gefokus op die basiese vaardighede en fiksheid van die spelers. Die spelers vorder goed en hulle geniet elke oomblik om weer op die baan te kan wees. Die spelers vat al die uitdaging wat hier is met albei hande vas en waardeer elke oomblik om weer netbal te kan speel.




# HOKKIE
## BESIG MET OPMARS

Dit gaan baie goed met die hokkie. Die spelers en afrigters is gefokus en werk reeds baie hard. Daar is veldsessies en sessies in die kondisioneringsentrum en in die aande oefen die spelers van 19:00 tot 20:30 by Southdowns op hulle astro. Daar is baie van ons spelers wat aan die binnemuurse hokkie-liga deelneem en so ook aksie-hokkie speel.

Die beplanning van ons eie Astro loop baie goed en ons is baie opgewonde daaroor. Daar word baie hard agter die skerms gewerk.

Hou gerus die spasie dop.

# Interne skaaktoernooi
## 'N RILLERSTRYD



Die skaak het hierdie jaar begin met ŉ interne toernooi, wat plaasgevind het in die skoolsaal.

Daar het 24 skaakspelers deelgeneem vanaf graad 8 tot 12. Die leerders het die middag om 14:15 begin speel tot 17:45. Daar was 5 rondtes Blits 15/15 (d.w.s 15 minute per speler) gespeel. Die spelers het hulle rondtes met groot erns en entoesiasme aangepak. Die wenners is na die laaste rondte aangekondig. Die eerste drie plekke het elk 'n Zwarrie hamper en prysgeld ontvang.

Die uitslae van die toernooi is as volg:

1 ste Plek: Anri de Villiers Gr 9
2de Plek: Heinrich Smuts Gr 11
3 de Plek: Minette Ce Souza-Allegrio Gr 10
4de Plek: Meirin Wassermann Gr 12
5 de Plek: James Nel Gr 10



Die Zwarrie skaakspelers oefen elke Woensdagmiddag skaak waar alle ouderdomme mekaar uitdaag om te kyk wie die beste spelers is. Met die oog op die NWU-reeks het ons ŉ sterk Junior en Senior span en ons sien uit na die kompetisie.

# Hulde aan

## ZWARRIE SKAAKSTER

Anri de Villiers was die einde van verlede jaar genooi om aan die “FIDE Online World Cadets & Youth Rapid Chess Championships 2020” deel te neem. Die toernooi het plaasgevind vanaf 27 November tot 23 Desember.

In haar ouderdomsgroep was sy een van drie dogters wat gekies is om Suid-Afrika te verteenwoordig.

In die eerste fase na 7 rondtes behaal Anri die 2de plek in die “FIDE Online World Cadets & Youth Rapid Chess Championships G14 2020”. Sy is ook die enigste Suid Afrikaner wat die top drie behaal het in haar ouderdomsgroep.

Anri word bekroon as die 2de beste U/14 dogter skaakspeler in Afrika en verwerf hiermee haar verdiende SA kleure.



# DIE ZWARRIE FIETSRY-SPEKE SING

Die Zwarrie fietsers het alreeds vroeg vanjaar begin oefen – selfs voordat die skoolboeke oopgeblaai is, het die fietsspeke in die vroegoggend son geskyn.

Die Zwarrie fietsry-familie verwelkom ons nuwe afrigter, Mr. Marnus Putter, sowel as baie nuwe ryers wat besluit het om deel te word van die beste bergfietsspan.

Shana van Heerden (graad 10) het aan die Sondela-45 kilometer wedren deelgeneem en was as afdelingwenner vir vroue aangewys. ‘n Paar van ons ryers het ook uitstekend presteer in die “Summer Fast One” wedren, waar hulle groot afstande in blitsige tyd platgery het. Ons spog graag met die volgende ryers se prestasies:

Marnus Putter (afrigter) – 70km in 3:08:05
Kevin Smee (Gr 12) – 70km in 3:34:36
Lehan van Aswegen (Gr 12) – 70km in 3:37:20
Tjaart De Wet (Gr 11) – 40km in 1:27:22
Stefan van Jaarsveld (Gr 9) – 40km in 1:28:18
Matthew Muller (Gr 8) – 40km in 1:34:41
Xander Erasmus (Gr 8) – 40km in 1:26:32

Inderdaad kan ons sê: Zwarrie Fietsers, die beste lê nog voor!

# TENNIS SLAGGEREED

Zwarrie tennis is op koers en het hul eerste ligawedstryd gespeel. Ons gelukwensing aan ons Eerste dogters tennisspan wat Hoërskool Waterkloof 35 versus 32 wen.

Ons gelukwensing aan Waldo Bosch en Lisa de Klerk wat heel bo aan die Zwarrie-Wimbledon leer is. Christiaan Hugo en Zoë Arndt het weer die graad 8 kampioenskappe gewen.

# MUURBALSPELERS WYS HUL STAAL

By die Northerns Junior Muurbalkampioenskappe het die onderstaande Zwarries vir mooi prestasies gesorg:

- Chanté Leppan, wenner meisies o/14
- Jeanine du Rand, 3 de meisies o/14
- Luhann Groenewald, wenner seuns o/16 al is hy maar nog o/15

By die Suid-Afrikaanse muurbalkampioenskappe het Chanté Leppan as Suid-Afrikaanse kampioen uitgetroon.As prys het sy ‘n duursame rakket gewen.






# All Star

## DANSERS IN RITME VIR 2021

Die Zwarrie All-star dansers laat nie toe dat 'n virus hul onderkry nie. Hulle is gefokus en oefen baie hard. Ons kan nie wag om hulle in aksie te sien nie.

Welkom aan die Zwarrie All Star-span 2021 en word hul vervolgens hieronder bekend gemaak:

- Zelmeri Van Der Merwe (Kaptein)
- Arne Brandt
- Kristin Janse Van Rensburg
- Mieke Van Der Merwe
- Alyssa Van Eeden
- Dane Engelbrecht
- Angel Tlou
- Elzé Delport
- Anja Reynecke
- Cj Oberholzer
- Janco Bannink
- Janeke Kruger
- Jayden Scholtz
- Lee-Mari Burger
- Marieke Jardin
- Megan Smit
- Minet Coetzee
- Naydine Jacobs
- Nika Taljaardt
- Toko Rametse
- Megan Strydom
- Nicola Venter
- Anika Wiliams
- Danielle Liebenberg
- Chloe Loutenberg
- Kayleigh Booyse
- Cristabel Stapelberg
- Leila Dafel
- Alicia Petersen



Here's to… Coach saying "One more time" The times you know you could do better Being sore & still throwing every skill Reaching for a seemingly impossible goal Strangers becoming family Not settling for anything less than your best …for that's what makes us champions!!



# ZWARRIE SWEMMERS IN KLAS VAN HUL EIE

**Die volgende swemmers is ingesluit in die Junior SA-span:**


- Migael Lindeque
- JD Venter
- Chris Smith
- Xandri Fourie

**Die volgende swemmers is deel van die Senior SA-span:**

- Xandri Fourie
- Chris Smith
- Benjamin Lindeque
- James Smith
- Kornel Smith



# Gholf swaaihou-vir-swaaihou op koers



Gholf het goed afgeslaan vir 2021 met 'n Zwarrie reeks. Hierdie reeks het plaasgevind in drie divisies. Die A-divisie is steeds besig om uit te speel vir 'n finale wenner. Die wenner in die B-divisie is Janu Joubert in graad 8 en in die C-divisie is die wenner Franco Robinson in graad 8.

Ons spog ook met twee uitblinkers, Stefan Rudman, wat deelgeneem het aan die Gauteng Noord Junior 18 putjie gholftoernooi waar hy 'n eerste plek behaal het in die toernooi wat plaasgevind het by Pretoria Country Club. Stefan het slegs 70 houe op hierdie uitdagende baan gespeel.

Die tweede uitblinker was Vian Jansen van Vuurren in Graad 8 wat gekies is om Gauteng Noord te verteenwoordig in die quadrangular in die o/17 ouderdomsgroep. Gauteng Noord neem dus deel teen drie ander provinsies. Vian is slegs 1 van 8 spelers in die provinsie wat gekies is vir die span. Ons beste wense vergesel hom in hierdie toernooi.

DIe NWU-reeks deelnemers is besig om te werk aan hul gholfswaai en die kortspel vir die opkomende reeks en ons hoop om hierdie jaar geskiedenis te maak met twee van ons spelers wat 'n gemiddeld van 35 houe op 'n nege speel.

**DIE SENIORSPAN:**

- Stefan Rudman
- Janno van Niewenhuysen
- Stephan Redelinghuys

**JUNIORSPAN:**

- Vian Jansen van Vuurren
- Jordan Stoop
- Jean van Rooyen

Baie dankie aan elke speler wat gefokus is en steeds pligsgetrou oefen om Zwarrie gholf te sien wen.

# LEERDERS WOEKER MET HUL TALENTE

Tristin Mans se nuutste treffer, Come Jesus come, is 'n moet luister. Baie geluk, Tristin. Ons is baie trots op jou en geniet elke oomblik van jou sang.



Druk op die skakel hieronder en geniet sy uitsonderlike talent:

https://youtu.be/Gkxa5VGYF4Y

---

Stefan van Jaarsveld het vir 'n uitsonderlike Driekampprestasie gesorg. Die Driekamp het uit die onderstaande bestaan:

- 750 meter swem - 19:38
- 12.5 km bergfietsroete - 45:56
- 5 km hardloop - 29:20

Met hierdie spogprestasie behaal hy 'n algehele derde plek en 'n eerste plek in die Jnr afdeling.

---

Divan Bosman het puik presteer by die SA's showjumping. Hy is 6 de uit 28 ruiters. Hy is die jongste Junior is sy afdeling en hy is ook op die hoogste vlak waarin hy kan deelneem tot op die ouderdom van 18 jaar.

Druk op die skakel hieronder om Divan met sy pronkperd in aksie te sien:

https://youtu.be/Xuoud2ESS9Y

---

André Botes het as wenner uitgetree in die Ope Adeling by Kids with Talent SA waar hy saxofoon gespeel het. Hy is ook die o/18 saxofoon wenner in Con Grazia se Online Talent Show case 2020. Ons is baie trots op hierdie baie begaafde Zwarrie-musikant.

---

Sean du Preez het deurgedring na die Gauteng Karate-kampioenskappe toe.

# LEERDERS WOEKER MET HUL TALENTE

**Cornelia Langenegger se gedig Hoop is opgeneem in die publikasie INK. Ons wens haar baie geluk en publiseer graag haar gedig hieronder:**

**Hoop**

**deur Cornelia Langenegger**

**Hoop is soos 'n vuur wat in jou gloei.**
**Met 'n enkele vonk aan die brand gesteek.**
**Die dansende vlamme wat jou boei**
**en die helder lig wat die donkerte breek.**


**Maar selfs die vuur in al sy prag**
**Wat 'n bietjie water kry wat hy nie wil hê**
**Word stil gemaak in die donker nag.**
**Vaal, grys as wat op die bodem van jou hart lê.**

**Vaal, lewelose as deur die wind weggewaai.**
**Wagtend op 'n nuwe vonk van vreugde.**
**Dan kom die warm son oor die horison gedraai**
**en vervul jou hart se leegte.**

# OUD-ZWARRIES MAAK ONS TROTS

Alek de Bruyn (matriek 2020) is ‘n twee jaar professionele rugbykontrak aangebeid deur die Franse Klub, Collomiers.Die kontrak sluit ook ‘n volle studie-beurs in om aan die Universiteit van Toullouse te studeer.

https://www.dropbox.com/t/6mXsxvkHwSK2pVxf




Dieter Groenewald (matriek 2020) is gekies vir die FNB Varsity Shield rugby-reeks. Die volgende word van Dieter gesê:

*“Dieter is the youngest member of our squad but as tough as nails”, says TUT coach Kaya Malotana. “He has a physical presence and is also an evasive runner” Groenewald, whose goal-kicking range is 62 m, hasn’t yet played representative rugby and is inspired by those who missed out on Craven Week selection yet still went on to earn national colours. He aims to do the same.*




Daar is nog vier oud Zwarries wat ook hierdie eer met Dieter deel:

- Michael Jacobs (matriek 2015)
- Handro Horn (matriek 2017)
- Laro Delport (matriek 2018)
- Mauritz Maritz (matriek 2018)

Chris Vermaak, voormalige eerste span kaptein (2017), is ingesluit in die NWU se Varsity Cup groep.



En dan pronk Hoërskool Zwartkop ook met Handro Horn, Laro Delport en Michael Jacobs wat se name ook deurgekom het as Varsity Cup spelers.

Ons hou die televisieskerms dop om hierdie oud-Zwarrie rugbytalente te sien presteer.

En dan pronk Hoërskool Zwartkop ook met Handro Horn, Laro Delport en Michael Jacobs wat se name ook deurgekom het as Varsity Cup spelers.

Ons hou die televisieskerms dop om hierdie oud-Zwarrie rugbytalente te sien presteer.

# OUD-ZWARRIES MAAK ONS TROTS

Simoné Rabie (matriek 2015) het die hoogste vlak in netbal in Suid-Afrika bereik deurdat sy in die Protea-netbalspan opgeneem is. In hul wedstryd teen Namibië is sy as speler van die wedstryd aangewys.







Harde werk word beloon. Haar sukseskurwe lyk soos volg:

2014-2015: Hoërskool Zwartkop eerstespan
2016: North West Flames en "Region 5 games" verteenwoordig SA
2017: o/21 Wêreldbeker - verteenwoordig SA
2019: TNL - verdediger van die toernooi en nuwe speler vir die jaar (Noord-Wes)
2020: (Beseer)
2021: Protea netbalspan

Ons sien met verwagting uit wat 2021 vir ons gaan inhou!

Nicola Knoetze (matriek 2020) is deur die Centurion kunsvereeniging as Kunstenaar van die Jaar aangewys.





# OUD-ZWARRIES MAAK ONS TROTS




Pieter Schoeman (matriek 2016) het sy BSc Agic graad gedurende 2020 verwerf. So trots op ons oud-hoofseun en aspirant boer.

Jeanise Heymans (matriek 2019) het by die Universiteit van Auckland (New Zealand) ŉ beurs ontvang om medies daar te gaan studeer.Hieronder ŉ aanhaling uit ŉ skrywe wat die Universiteit aan haar gerig het:

*Congratulations! I am pleased to advise you that you have been awarded the 2021 University of Auckland International Student Excellence Scholarship Semester One Intake.*
*The Scholarship has a value of $10,000, which will be paid as a fees credit in Week 3 Semester One 2021.*



Miné Labuschagne (matriek 2008) het haar Meestersgraad Cum Laude geslaag.

Cornel du Toit (hoofseun 2008) en Carlien (nooi Els – matriek 2014) pronk met klein Reinecke wat reeds sy Zwarrie-pakkie aan het. Ons sien uit om soos met pa en ma ook met klein Reinecke eendag die 5-jaar Zwarrie-pad te loop.

Tehillah de Beer (Mev Emmerien Joubert se dogter) - matriek 2014 – het ook 'n mamma geword in Suid-Korea. Klein Eliné is pragtig en lyk soos ŉ ware klein Zwarrie.



# Onderwysers in die nuus

- Ons deel in die vreugde van Mev Arina Smith met die geboorte van klein Steyn. Ons gelukwensing aan Arina en haar man. Mag hul groot vreugde ervaar in die grootmaak van hul babaseuntjie.
- Mej Zwarrie van 2038 is ook gebore en wens ons Mnr Erik Pretorius en sy vrou baie geluk met die geboorte van pragtige Limay. Ons vryf solank die Mej Zwarrie kroon blink.
- Lebogang Ncotholozi is gebore en is Mev Martha Ncotholozi die trotse ma. Boy en Elsie Tikane, wat ook by Hoërskool Zwartkop werk, is die trotse oupa en ouma. Ons deel met opgewondenheid in hierdie Zwarrie-familie se vreugde.
- Juf Zané Korp het haar afrigtingskursus vlak 1 hokkie suksesvol afgelê. Hou haar en haar span dop – sy is ‘n kookwater-afrigter!
- Die onderstaande afrigters het almal hul ASA-atletiekafrigterseksamen suksesvol afgelê. Ons wens hulle almal baie geluk.
    - Marius vd Berg
    - Charl Coetzer
    - Waldo Weideman
    - Marliné Weideman
    - Adam Barnard
    - Francois Spies
- Mnr Jason van Rooyen is ŉ kampioen gewigstoter en is besig om sy visioen op die Olimpiese spele te sit. Met ŉ afstand van 20,97 meter is hy van die beste wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Tans word hy vyfde op die wêreldranglys geplaas. Ons leef saam met hom sy Olimpiese droom en hou al ons duime vir hom vas.
- Mev Charlene Klopper het aan die Suid-Afrikaanse tenniskampioenskappe deelgeneem. Sy het tot in die finaal gevorder. Ons is baie trots op ons eie Zwarrie-Wimbledon ster!

# Onderwysers in die nuus

- Mnr Willie Engelbrecht, ons atletiekorganiseerder, het self sy eie verborge sporttalent. Hy het aan die Suid-Afrikaanse padfietskampioenskappe op 21 Maart in die Kaap deelgeneem. As voorbereiding het hy vanaf 1 Januarie 2021 tot en met sy deelname aan die SA's, gemiddeld vir oefening elke dag 60 km ver gery. Sy harde werk het vrug afgewerp met ŉ 22 ste plek in Suid-Afrika, Hy het die 87 kilometer in 2 ure en 40 minute gery.In totaal moes hy 1 400 meter bo seevlak klim.

- Ons is baie trots op ons atletiekorganiseerder en stel hy ŉ skitter-voorbeeld aan al die Zwarrieatlete.

- Ons harte is seer omdat ons afskeid moet neem van ŉ geliefde Zwarrie-juffrou. Na 9 jaar se diens, verlaat Mev Carol Botha die diens van Hoërskool Zwartkop aan die einde van die eerste kwartaal. Sy het oor jare haarself bewys as ŉ toonaangewende Engelse en Geografie juffrou. Op verskeie terreine op buitemuurse gebied het sy ook afgevryf as ŉ ware opvoeder met ŉ liefde vir kinders. Ons dank haar vir jare se voorkeurdiens en wens ons haar Hemelse seën toe vir ŉ geseënde lewenspad.

- Mev Lira Beukes verlaat ook die diens van Hoërskool Zwartkop aan die einde van hierdie kwartaal. Na toonaangewende diens as ŉ Afrikaans onderwyseres, is dit met harte wat seer is wat ons haar groet. Sy het vir 3 jaar nie net op akademiese gebied ŉ voelbare verskil gemaak nie, maar ook op buitemuurse gebied. Ons beste wense vergesel haar.



# In Memorium

**Dit is met leedwese wat ons kennis geneem het van die afsterwe van Mnr Raymond Dodd, 'n geliefde Zwarrie-ouer.**

**Hy het die portefeulje van finansies op die Beheerliggaam vir 11 jaar gediens. Sy kundigheid, maar veral sy lojaliteit en hart vir Hoërskool Zwartkop, gaan gemis word. Ons eer sy nagedagtenis en dra sy naasbestaandes en geliefdes op aan die Genadetroon van ons Hemelse Vader.**







# Tyd vir 'n nuwe motor?

## BARLOWORLD TOYOTA CENTURION

**is die antwoord!**



Druk op die skakel hieronder en speel rond op hul webwerf.

Kuier ook voorheen geliefde motors raak.

**Gaan lê besoek af by Barloworld Toyota Centurion en sê jy is 'n Zwarrie om jou spesiale afslag te kry!**

**https://centuriontoyota.co.za/**

**PLANET***FITNESS*



# JY IS EEN KLIK WEG VAN DIE BETER, FIKSER JY!

Druk op die skakel hieronder en neem die eerste stap:

https://www.planetfitness.co.za/about-planet-fitness/

*"Nothing is worse than missing an opportunity that could have changed your life"*

# WAT VAN 'N LEKKER BRAAI?

**Hout aflewerings by jou deur!**



**Sekelbos : R25**

**Kameeldoring : R25**

**Hardekool : R25**

## TUINVULLIS VERWYDERING!!





**Kimone' - 061 627 5374**

(Whatsapp/Kontak my na 14:00)

# LOJALITEITS PROGRAMME

## ONDERSTEUN

## HOËRSKOOL ZWARTKOP ASSEBLIEF!

Gaan aanlyn en registreer met School-Days en Dis-Chem. Volg prosedure hieronder. GEEN NUWE KAART WORD AAN U UITGEREIK NIE.

*www.schooldays.co.za*

1. *Your parents/family/friends clicks on the unique link above which your school sends them*
2. *the link opens up on the School-days Website*
3. *the parent or member of the community clicks on the Join Now button*
4. *a Registration Form pops up which they complete, follow the prompts, choose your School as the Beneficiary, and continue and press send*
5. *This automatically then links the parent to their Dis-chem card and they can immediately start supporting your school– it only takes a few minutes to sign up .*

*Stuur hierdie ook na al u familielede sodat hulle ook kan registreer.*

## MAKRO

Laai die Makro App af op jou foon, volg die aanwysings en laat die skool baat by jou aankope.

## MYSCHOOL

Dateer jou inligting op deur die opsie te kies en maak Hoërskool Zwartkop 'n begunstigde.
Onthou daar mag meer as een begunstigde gekies word.